

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Klein voor God

Die afgelope maande is die woorde 'klein voor God' baie in ons kerke gehoor. Hierdie woorde het ons gesindheid vir ons 150-jarige feesvieringe bepaal. In ons feesvieringe is ons steeds 'Klein voor God'. Ons vier nie fees oor ons eie grootheid en ons eie prestasie nie, maar oor die groot genade van die Here. Hy het dit so gegee dat ons 150 jaar se geskiedenis agter die GKSA kan skryf. Dit maak elke gelowige sekerlik klein voor God.

Hierdie leuse is goed en wel, want die gelowige moet sy plek voor die grootheid en die almag van God ken. Daar is geen ruimte om te roem nie. Ons roem alleen in die Here, wat sy genade aan ons gegee het.

As ons in ons feesvieringe klein voor God is, moet ons sekerlik ook in ons hele lewe klein voor God leef. Ons kan nie net op die fees-terrein in Potchefstroom klein wees, maar by die werk en in die vriendekring groot-meneer probeer wees nie. As ons in ons feesvieringe in dankbaarheid nederig voor God wil wees, moet dit ook in ons hele lewe sigbaar word.

Dit is juis hier waar ons groot probleem met nederigheid lê. Met die sondeval het juis die gebrek aan

nederigheid die val in die verderf veroorsaak. Die verleiding was dat die mens meer sou wees as wat hy is. Adam en Eva het alles gehad om in verhouding met God te leef, maar hulle het geval vir die leuen dat hulle soos God kan wees, dat hulle self god kan wees. Dit leef vandag nog in ons. Ons wil nie in nederigheid voor ons Vader buig nie, maar self besluit oor reg en verkeerd.

Nederigheid vra dat ons onself sal aflê en voor die wil van ons Vader sal buig; dat ons nie in ons eie wil sal roem nie, maar in die Here sal roem deur ons dankbare gehoorsaamheid aan Hom. In ons feesgebeure is dit juis waarin hierdie leuse vir ons kerke so belangrik is. Met 'Klein voor God' mag daar nie alleen dankbaar teruggekyk word op al die nederige mense wat in gehoorsaamheid diensbaar was in die koninkryk van God nie. Ons mag ons nie alleen maar verwonder aan die opregte nederigheid van Totius en president Paul Kruger nie. Elke gelowige het die roeping om in nederigheid sy eie wil af te lê en in dankbare gehoorsaamheid voor die wil van die Vader te buig. Hierdie leuse roep ons profeties ook op om vorentoe nederig voor God te leef. Die kerke wás nie net klein voor God nie, maar

sal in die toekoms steeds klein voor God bestaan.

In ons samelewing vra dit van elkeen 'n werklike opgawe. Selfaflegging was nog nooit vir ons maklik nie. Dit druis teen ons sondige natuur in, maar dit is tog wat ons Vader van ons eis: dat ons onself sal verloën, ons kruis sal opneem en Christus sal volg. Ons volg Hom in die uitlewing van ons liefde tot God en die liefde vir ons naaste. Liefde tot God eis dat ons in alle nederigheid Hom alleen in Gees en in waarheid sal aanbid, volgens sy wil; dat ons sy Naam sal eer en dat ons die rusdag wat Hy aan ons gegee het sal heilig. Liefde tot ons naaste vra dat ons onself sal aflê en die gesag wat die Here oor ons gestel het sal gehoorsaam; dat ons onself sal aflê vir die eer van ons huweliksmat, ons naaste se goed sal eer en ons naaste se goeie naam en eer sal beskerm.

Klein voor God is ons dankbaar vir al die seëninge wat ons ontvang het. Klein voor God word ons geroep om onself vorentoe te vergeet en Hom alleen in dankbare gehoorsaamheid te dien soos Hy wil.

CJ

INHOUD

- 1 Redaksioneel
Klein voor God
- 2 Skrifvoordenking
Lewe voor God volgens God se reëls
Ds LJ Erasmus
- 3 **Van die redaksie**
- 4 Kerkerf
GKSA Sinode 2009
Dr GJ Meijer

- 6 Fokus
Opoffering as af-offering
Dr ALA Buys
- 9 Uit die geskiedenis
Groen van Prinsterer
JA Das
- 10 **Calvynfeesvieringe begin in Europa**
- 11 Onderwys
Christelik normatiewe onderwyskursus
P le Roux Bisschoff

- 12 Op die boekrak
Die Romeine brief
Prof L Floor
- 12 Persskou
- **Christelike werklikheid**
- **Saam sing**
- **Eenderse vraagstukke**
- **Uit 'n ander hoek**
Dr GJ Meijer

Lewe voor God volgens God se reëls!

Lees: Matteus 7:13-29

Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. 'n Mens pluk tog nie druie van dorings of vye van distels nie!

Navolging van Christus

In die bergpredikasie leer die Here Jesus sy volgelinge hoe om Hom te volg. Hy leer hulle as't ware die reëls van die christelike lewe. Hy begin met die saligsprekinge en stel dit eenvoudig: 'Salig is die ...!'. Dan bepaal Hy, die enigste Middelaar tussen God en mense, die voorvereistes vir wie saligheid sal ontvang. Die vertrekpunt van die Koning van die kerk is dat sy dienaars Hom as Koning sal verheerlik en dien, deur sy wil (soos geopenbaar in sy reëls) te gehoorsaam. Daarom leer die Here sy volgelinge van hul roeping in hierdie wêreld, as soutende sout en liggende lig. Hulle het die taak om aan Hom (uit dankbaarheid) elke dag van hul lewe diensbaar te wees. Watter wonderlike genade om van die Here Here self onderrig te ontvang, as Hy leer: só moet julle My dien!

Aan die einde van dieselfde preek gee die Here aandag aan die saak van uitverkiesing en verwerping; aan die saak van sy eie soewereiniteit, van sy reg en mag om alleen te besluit en te bepaal. Die Koning van die kerk verduidelik dat ons, as volgelinge van die Hemelkoning, in permanente stryd staan. Christus leer ons dat daar nie iets soos algemene genade vir alle sondaars bestaan nie, want daar is 'n nou poort wat na die ewige lewe lei. Dit is ernstig, want die aanslag van valse profete binne die kerk is uiters bloeddorstig en verskeurend – soos dié van roofsuigtige wolwe. Die Here gee ons (die gelowiges) 'n veiligheidsmeganisme, 'n toets vir regsinnigheid: 'Aan hulle vrugte sal julle hulle ken!' (Matteus 7:16).

God is soewerein

Wie bepaal watter soort boom waar groei? Net die soewereine Here wat groot is van barmhartigheid! Wie bepaal die hoeveelheid vrugte wat elkeen dra? Net die soewereine Here – deur sy Gees wat deur sy Woord in ons werk! (Filippense 2:13). Die vertrekpunt van hierdie preek, dat Jesus die Koning van alle konings is, geld vir alle tye. Daarom is dit ook die waarheidswaorborg waarmee die Here Jesus ons onderrig in die bergpredikasie afsluit: Om die gelowiges te waarsku dat hulle in 'n geestelike oorlog met Satan en sy trawante gewikkel is, dat die boosheid soos kerkmense vermom kan word, maar dat die waarheid van Jesus Christus as triomferende Koning altyd sal seëvier! Hy is die Seun van God, self God en sy reëls sal ewiglik geld!

Ons sien in Matteus 7:13-29 'n progressie in die lering. Daar is 'n groei, 'n vordering in die gedagtes waarmee die Here sy kerk onderrig. Eerstens die stryd, die kontras en onversoenbaarheid van waarheid en valsheid, soos uitgebeeld in die nou en breë poorte en die smal en moeilike weg teenoor die wye en maklike pad van die sondaar met sy eie en hoogmoedige opinie. Onmiddellik verwag Hy van ons, sy kerk, gelowige en verantwoordelike optrede. Tweedens leer ons van die aktualiteit van hierdie stryd: dit gebeur selfs binne die kerk in die vorm van valse profete. Daarom sal ons dit waarskynlik ook nie ontsnap nie. Ons is immers toegerus. Hy het ons voorberei en gewaarsku. Daarvoor ontvang ons derdens die toets vir regsinnigheid. Goeie en slegte vrugte, volgens die norm wat die Koning leer, openbaar die hartsgesindheid van die persoon teenoor Christus, die Koning en kan nie verberg of versluier word onder die lig van God se Woord nie. Vierdens word ons gewaarsku dat

die leë vormgodsdienstige gebruik van Jesus se Naam nie tot saligheid lei nie. Ydele herhaling van Jesus se Naam is oortreding van die derde gebod en sal geen afgodsdienaar of mediteerder, wat dit as mantra gebruik, van die oordeel van God vrywaar nie.

In genadige selfopenbaring pas die Here hierdie vier sake prakties in ons geloofslewe toe. Ons moet met die kennis wat Hy aan ons openbaar, in die geloof werk. Ons moet bewustelik alles oorweeg of dit in beginsel en wese waar of vals voor God is. Ons het die maatstaf van die Bybel. Die aanslae van Satan gebeur nie net met ander mense nie, maar ook met óns, binne die kerk. Daarom vereis dit van ons 'n voortdurende en biddende waaksaamheid. Só moet ons jaloers waak oor die kosbare genade van die geloof wat ons ontvang het. Elke profesie, kerklike besluit of lering moet aan die maatstaf van God se onveranderlike Woord beoordeel word.

Die Here, wat in ons harte sien, word nie mislei of geflous deur valse en voorgee-godsdienste nie. Daarom sal die hartstogtelike uitroep: 'Here, Here!', wat spreek van mense wat hul diens aan God uitgestel het tot dit te laat was, ook niemand vrywaar van God se oordeel oor die sonde nie. Net so sal dié wat God volgens hul eie norm, in selftevredenheid, net halfhartig gedien het om 'n soort versekeringspolis van die Koning te kan eis, ook nie tot die koninkryk van die hemele toegelaat word nie. Groot dade in-die-naam-van-geloof is en bly valsheid en voorgee, waarin daar geen onderbou van egte geloofsvertroue bestaan nie.

Gehoorsaamheid

Die toegangsvereiste vir die koninkryk van die hemele is eenvoudig, leer die Koningseun: 'Hy

wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is' (Matteus 7:21). Ons vind die wil van die Vader uitgespel in die verheerliking van Jesus op die berg, wanneer die stem uit die wolk beveel: 'Dit is my geliefde Seun in wie Ek 'n welbehag het. Luister na Hom!' (Matteus 17:5). Dit is dieselfde voorvereiste van gehoorsaamheid wat Christus ons ook leer: 'As julle My liefhet, bewaar my gebooi' (Johannes 14:15). Die Here waarsku wat die implikasie van ongehoorsaamheid is; dat ons die Woord van God verwerp. 'Hy wat My nie liefhet nie, bewaar my woorde nie; en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het' (Johannes 14:24).

Daarom sluit die Koning van die kerk sy Koningspreek af deur die gelykenis van die mens wat sy huis op goeie of op swak fundamente bou. Dit leer dat die vonnisoplegging op daardie laaste dag, die groot en deurlugtige dag van die Here wat kom, vir ons deur ons eie woorde en werke bepaal word. Daarin openbaar ons die oorweging van ons harte. 'Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm, en dit het nie geval nie, want sy fondament was op die rots' (Matteus 7:24-25).

Elkeen wat in die geloof gehoorsaam bou op die Rotsbelydenis: 'U is die Christus, die Seun van die lewende God' (Matteus 16:16), sal nie in die laaste dag beskaamd staan nie! Wie Jesus as Koning bely in alles wat hy dink, doen, sê of beplan, onderwerp homself gewilliglik en met vreugde aan die heerskappy van die Hemelkoning!

Die soewereine Koning, wat in reg en geregtigheid oordeel, duld geen valse voorgee-godsdiens nie. Dit kom altyd neer op die méns se selfaanbidding, op die méns wat homself bo die Here ag en die Koning se reëls in verwaandheid minag en as minder belangrik ignoreer! 'En elkeen wat na hierdie woorde van My luister en dit nie doen nie, sal vergelyk word met 'n dwase man wat sy huis op die sand gebou het. En die reën het geval en die waterstrome het gekom en die winde het gewaai en teen daardie huis aangestorm en dit het geval, en sy val was groot' (Matteus 7:26-27).

Wie die Koning van die kerk nie wil gehoorsaam nie, omdat hy/sy geen ware dankbaarheid ken nie, moet daarvoor oppas dat die laaste woorde wat hy/sy in hierdie lewe hoor, nie ook uit die mond van die Koning (wat reg het om te verdoem) kom nie! 'En dan sal Ek aan hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My, julle wat die ongeregtigheid werk!' (Matteus 7:23). Om wilskragte te probeer meet met

Koning Jesus, is die optrede van 'n waansinnige en 'n duiwelbesetene!

Ware dankbaarheid

As jy waarlik kind van God wil wees, kan jy nooit jou geloofslewe op eie oordeel en eie wil bou nie. Ware dankbaarheid voor die Here is eenvoudige geloofsgehoorsaamheid. Jy kan tog geen groter offer aan die Koning bring as dit wat Hy reeds bepaal het nie! Waarom wil jy dan die dwaasheid van hierdie wêreld (my gewaande reg tot selfregering) in jou godsdiens probeer inwurm en akkommodeer? Buig jou eiewillige nek en vra na God se wil vir jou lewe. Dan sal jy lewe!

Christus leer: 'Salig is die wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemele' (Matteus 5:3). Gelowige mense, wat die stem van die Koning hoor, herken dit as 'n gesagvolle en geldende uitspraak. 'En toe Jesus hierdie woorde geëindig het, was die skare verslae oor sy leer; want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie' (Matteus 7:28-29).

Bid dat God, die Gees van die waarheid, jou ook lei om die Here Jesus Christus as Koning oor jou lewe te bely – in woord, in daad, in die vreugdevolle en dankbare gehoorsaamheid van opregte geloof!

Ds LJ Erasmus is predikant van die Gereformeerde Kerk Schweizer Reneke.

Van die redaksie

Die redaksie van *Waarheid en Dwaling* word saamgestel uit lede van die bestuur van die Vereniging vir Gereformeerde Lewenswandel.

Al die werksaamhede word vrywillig, bykomstig tot die betrokkenes se gewone roepings uitgevoer. Soms kan die druk hiervan net te veel word om 'n verantwoordbare balans te kan handhaaf. Op eie versoek is dr Gerard Meijer, ds Hennie Momberg en suster Joke de Wind van hulle redaksionele

verantwoordelikhede onthef.

Hulle bly egter lede van die VGL-bestuur en sal steeds die redaksie adviseer. Graag bedank die redaksie elkeen van hulle vir onbaatsugtige redaksionele werk wat oor vele jare gelewer is. Ons weet dat lesers deur hulle bydraes toegerus en verryk is vir 'n gereformeerde lewenswandel. Dit is verder aangenaam om sr Mari-Susan van Zyl as nuwe redaksielid te verwelkom.

Ledegeld/Intekening

Die beplande getal uitgawes van *Waarheid en Dwaling* kon nie verlede jaar verskyn nie. Die bestuur het gevolglik besluit om die 'intekeningjaar' te verleng. U intekening bly voorlopig geldig. Besonderhede oor die nuwe intekeningjaar sal mettertyd verskaf word. Ons vertrou dat u ook hierdie uitgawe van *Waarheid en Dwaling* verrykend sal vind.

GKSA Sinode 2009

Vanaf 5 tot 16 Januarie 2009 het 261 afgevaardigdes (140 predikante en 121 ouderlinge) van sewe streeksinodes in 'n Algemene Sinode te Potchefstroom byeengekom. Dié sinode was in heelparty opsigte 'n eerste. Afgevaardigdes van Afrikaanssprekende sowel as ander Afrikatalige kerke het vir die eerste keer in 'n algemene sinode saamgekom. Dit is ook vir die eerste keer dat 'n sinode van hierdie aard nie haar werksaamhede kon afhandel nie, maar in reses moes gaan.

Die agenda van 757 bladsye het ongeveer 90 sake bevat: onder andere sewe appèlle, 23 beswaarskrifte en tien beskrywingspunte.

Samestelling

Soos genoem, was dit die eerste Algemene Sinode van die GKSA waar kerke uit die voormalige Sinode Potchefstroom en kerke uit die voormalige Sinode Middellande saam vergader het. Tussen die afgevaardigdes was daar hier en daar stylverskille, taal was 'n faktor (alles moes in Engels vertaal word) en ook die sake wat op die agenda gedien het, was nie vir al die aanwesiges ewe deursigtig en belangrik nie. Tog is daar hard gewerk om mekaar aan te hoor en in Christus te vind.

Baie genade

Menige saak wat op die sinodetafel gedien het, vertel van die groot werke van die Here wat onverpoosd voortgaan. 'n Rapport oor christelike (gereformeerde) onderwys het die afgevaardigdes sterk aangespreek. Besondere aandag is aan die werk van AROS en die ontwikkeling van gereformeerde lesplanne gegee. Ooreenkomstig artikel 21 van die Kerkorde is die noodsaak beklemtoon dat goed opgeleide gereformeerde onderwysers onontbeerlik is.

Daar is ook met dank kennis geneem van verskeie publikasies wat deur die Calvyn Jubileum Boekefonds op die mark gebring is. Die mees uitstaande is seker die Afrikaanse vertaling van Calvyn se kommentaar op Romeine. In die herdenking van die geboortejaar van Calvyn sal daar hopelik nog heelwat soortgelyke publikasies – onder andere 'n heruitgawe met 'n volledige indeks van Calvyn se Institusie – die lig sien.

Die sinode het met dank kennis geneem van die moeite wat met teologiese opleiding in Suid-Afrika gedoen word. Nie alleen in Potchefstroom nie, maar ook by Mukhanyo Teologiese Kollege word daar hard gewerk om predikante in die gereformeerde leer op te lei. Alhoewel daar hier en daar vraagstukke oor die inhoud van die opleiding is, is daar veral waardering vir die feit dat daar 'n menigte predikante toegerus word om in Afrika, wat na die evangelie honger, te arbei. Aandag sal gegee word aan die ontwerp van kursusse om ouderlinge in Afrikatalige kerke in hulle dienswerk by te staan.

Kerklike eenheid

Die Deputate vir Ekumeniese Sake het 'n insiggewende verslag oor al hulle werksaamhede gelewer. Binne Suid-Afrika word daar hard gewerk om gesprekke met die Venda-sprekende Gereformeerde Kerke (Sinode Soutpansberg) te laat vlot sodat daardie broeders ook van hart en siel in 'n volgende Algemene Sinode saam kan vergader. Gesprekke met die Vrye Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika word voortgesit met die hoop dat daar nouer skakeling kan kom.

Wat buitelandse kerke betref is daar besoeke gebring aan en word daar korrespondensie onderhou met 'n menigte gereformeerde kerke in verskeie wêrelddele, onder andere Noord-Amerika, Kanada, Engeland, Nederland, Korea, Japan, Australië

en Nieu-Seeland. Bande met die gereformeerde kerke in Botswana en in die Kongo word eweneens onderhou. Verskeie buitelandse afgevaardigdes het die sinode bygewoon en die vergadering van tyd tot tyd met raad uit die Woord bedien.

Die kerklied

Dit is bekend dat die GKSA met sy stigting in 1859 sterk op die kerklied gefokus het. Die aksent het deurgaans geval op die motto: God se lied in God se kerk. Die afgelope jare was daar egter 'n voortdurende soeke na 'n uitbreiding van die kerklike liedereskat. Artikel 69 Kerkorde van die GKSA lui dat daar in die kerke gebly sal word by die sing van die 150 Psalms en goedgekeurde Skrifberymings. Intussen het die getal Skrifberymings tydens elke sinode met 'n bepaalde getal toegeneem. Tans word daar navorsing gedoen oor die moontlikheid van die sogenaamde Skrifgetroue lied (vrye lied). Dit is 'n nuwe baan waarop die GKSA beweeg en waaroor daar diepgaande en ernstig besin moet word. Deputate is aangewys om Sinode 2012 van 'n rapport te voorsien waarin duidelike kriteria oor die keuring van die kerklied uiteengesit word. Die Afrikatalige kerke se Sionsliedere sal ook aan dié kriteria getoets word.

Die vrou in die kerk

Na aanleiding van 'n publikasie deur die Gereformeerde Teologiese Vereniging, getiteld Manlik en vroulik in die kerk, het daar 'n lywige studiestuk oor die plek van die vrou in die kerk op die sinodetafel gedien. Die studiestuk bevat nie 'n eenduidige aanbeveling nie, maar stel die kerke voor twee moontlike besluite. Die een is dat die vrou met al haar Godgegewe talente in die amp van gelowige haar roeping en taak in die kerk volvoer. Die

ander aanbeveling is dat dit sterk oorweeg moet word om vroue tot al die besondere ampte toe te laat. Alhoewel dit een studiestuk is, is dit duidelik waar die lyn van denke uitmekaar loop. Diegene wat die vrou in die besondere amp voorstaan, maak sterk aanspraak op die vermeende Skrifgegewe dat die Bybel hom nie eksplisiet oor die vrou in die amp uitspreek nie. Op grond van die argument van stilswye kan dit dus toegelaat word dat die vrou in die besondere amp dien. Daarteenoor word daar op grond van Skrifgegewens soos 1 Korintiërs 14 en 1 Timoteus 2 duidelik gestel dat die vrou nie in die besondere ampte kan dien nie. Voorstanders vir die vrou in die besondere ampte maak heelwat van buite-Bybelse gegewens wat – na hulle mening – deurslaggewend in 'n studie oor die plek van die vrou in die kerk kan wees.

Die sinode kon nie tydens sy sitting by 'n punt van beslissing kom nie. Verskeie ander studiestukke wat by vorige sinodes gedien het, asook beswaarskrifte wat onafgehandel is, moet almal in berekening gebring word om by 'n aanbeveling te kom. Met die oog daarop is deputate aangewys om in die eerskomende maande diepgaande na al die materiaal op die tafel te kyk en by die voortgesette sinodesitting rapport te lewer.

Artikel 31 Kerkorde

'n Beswaarskrif het voor die sinode gedien waarin met goeie gronde aangetoon is hoe daar in 1964 aan die bewoording van Artikel 31 Kerkorde 'n wesenlike verandering aangebring is. Een van die knelpunte is dat sake bloot met meerderheid van stemme beslis word. Dit lei daartoe dat daar by meerdere vergaderinge heelwat opinies deur afgevaardigdes gestel word, wat nie teen mekaar uit- en opgeweeg word nie. Die uiteinde is dat daar bloot op grond van 'n meerderheid van stemme 'n besluit geneem word, met die hoop dat die meerderheid reg is. Die sinode het besluit dat aan dié gebrek ernstig aandag gegee moet word. Artikel 31 Kerkorde moet hersien word na sy oorspronklike

redaksie soos dit tydens die Sinode van Dordrecht 1618/19 vasgestel is. Verder moet daar besin word hoe 'n vergadering van 280 afgevaardigdes sinvol op grond van God se Woord besluite kan neem sonder om demokraties te stem. 'n Kommissie is aangewys om aan die redaksie van Artikel 31 aandag te gee, asook om 'n werkbare plan voor te lê waarvolgens afgevaardigdes by meerdere vergaderinge in die toekoms sinvol en Skrifgesentreerd met mekaar kan praat. Die kommissie moet eweneens by die voortgesette sinodesitting verslag oor hulle werksaamhede doen.

Nagmaal: kelkie of beker

Die debat oor die gebruik van kelkies (afsonderlike klein bekertjies) by die viering van die nagmaal het nog nie gaan lê nie. Alhoewel Sinode 2003 duidelik uitspraak gelewer het dat die gemeenskaplike drinkbeker prominent by die nagmaal gebruik word, is daar steeds verskeie kerke wat vanweë verskillende redes daartoe oorgegaan het om van kelkies gebruik te maak. Een appèl en twee beswaarskrifte het in dié verband gedien. In al drie geskrifte word daar gevra dat die sinode die besluit van 2003 sal herbevestig en die kerke sal oproep om nie aan die teken en seël, wat die Here ingestel het, eiewillig te verander nie. Vanweë 'n gebrek aan tyd kon die sinode geen uitspraak oor die besware en appèl maak nie. Dit word by die voortgesette sitting afgehandel.

'Feessinode'

Die voorsitter van die sinode, dr Neels Smit, het met sy openingswoorde daarop gewys dat Sinode 2009 'n feessinode sal wees. Daarmee word bedoel dat die sinode in die lig sal staan van die GKSA wat vanjaar sy 150ste bestaansjaar vier. Die tema vir die feesvieringe is 'Klein voor God'. Honderdvyfzig jaar van gereformeerde kerkwees maak 'n mens inderdaad klein voor God. Of die besprekings van die sinode en die gehalte van debatvoering – sowel in die sinode as in die

wandelgange – altyd van klein voor God getuig, is 'n saak wat elke sinodeganger vir homself moet uitklaar. Wat wel duidelik is, is die onderliggende meningsverskille en standpuntinnames oor bepaalde wesenlike sake waaronder die manier waarop ons met die Skrifte werk (hermeneutiek). Soos wat dit in die gereformeerde kerke in Nederland en elders in die wêreld duidelik word, is die vraag ook in die GKSA brandend: pas ons by die Skrif aan, of moet die Skrif by ons aanpas? Die sinode sal werklik feessinode wees as daar altyd en onder alle omstandighede onvoorwaardelik voor die wil van die Here gebuig sal word sonder om aan die wil van die Here te wil buig.

Dr GJ Meijer is predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot, Pretoria.

Afgevaardigde na Sinode 2009. Hierdie artikel het ook in Kompas van Maart 2009 verskyn.

Opoffering as af-offering

Offer is 'n ryk woord. Opoffer is 'n duurder woord. Ons het mos christelik-nasionaal leer sing: '...ons sal offer wat jy vra'? Hande langs die sye; sonder om te weet dat grond sy vermoë, sy drakrag aan jou, die mens, moet gee en dat grond nie bloed mag vra nie – want die siel¹ is in die bloed².

Bloedgrond

Onlangs nog luister ons na *Ons vir jou*³, hande op die bors. Nou sit die post-moderne oproep tot nuwe opoffering knus genestel in die nuwe moedertaal van die ou vaderland, sonder om die Vaderstaal te snap; die omvang van sy Woord se enige offer vir alles – taal, volk en grond. Dit is nie net die nasionalistiese bloedselle wat weer roer nie. In kort: daar gaan nuwe stemme op dat ons (wie ons nou ookal is) moet opoffer na die eis van omstandighede. Geld en goed en bloed en grond en sweet en trane – uit die as sal ons opofferend opstaan om te handhaaf en te hou: taal en volk en grond want 'dit is bloed wat ons land van sy mense gaan vra. Staan op vir ons volk hier in Afrika'. Stem jy saam, 'jy daar volk van Afrika'? Nasionalisme streef homself as hyself gekneus is, maar kneus ander nadat hy gestreef is.

Engels die liefdestaal?

Daar is ook stemme van die ander kant. Mense wat nie meer 'Ons vir jou' saam wil sing nie. Hulle wil ook opoffer; somer alles – taal en volk en grond. Vir hulle is die liefde selfontkenning. Vir hulle is opoffer om af te gee wat dierbaar is of was. Staan by die lughawe en waai vir 'oumie' 'n laaste maal. Troos jousef dit is swaar om op te offer: my mense, my naby mense, want 'n volk

is te ver, is te sondig om lief te hê in 'n gevaarlike land. Land veilig in Perth of Heathrow en praat later met dieselfde 'granny' op I-scape. Stuur vir ons die Noot-vir-Noot CD's, maar iets anders vir die kinders. Hulle sukkel so 'n bietjie met die Afrikaans nou dat hulle nie elke dag die taal by moeder hoor nie. Ons bid darem nog in Afrikaans, so af en toe – as die opoffering te bittereinde swaar raak. Hier te lande is daar ook 'n nuwe kerklike liefdestaal. Offer jou taal op – praat maar Engels in die multikulturele erediens. As ek my taal moet afgee, as offer aan die Here, ter wille van sy koninkryk, laat Engels dan maar die taal van die liefde wees.

Eenstemmig

Hoe moet die kerk van die Here teenoor hierdie twee stemme staan? Die een stem hiér vir opoffering en die ander stem dáár vir opoffering? Is dit wat hier gebeur regtig opoffering? Belangriker nog: wat het dit met die enigste, unieke en eenmalige⁴ offer van die Here Jesus Christus te doen?

Hierdie artikel gaan nie ten eerste oor die pastorale versorging van mense wat letterlik hier op die grond bloei weens geweld nie óf diegene wie se harte hier of oorsee bloei oor die trauma van emigrasie nie. Die kerk moet wonde verbind, maar mag die wonde nie laat stink nie. Die waarheid van God se Woord oor opoffering moet in hierdie situasie duidelik gehoor word. Dit is ook pastoraal om die waarheid te praat. Christus is die waarheid, die weg en die lewe. Die kerk mag nie namens Christus optree nie – dit is bemiddeling. Die kerk moet Namens, in die Naam van God, optree: dit is waar die Middelaar van God die Vader, deur die Heilige

Gees optree. Hy kan wonde verbind – hiér en dáár. Hy kan ook wonde slaan: tot genesing by bekering, tot dodelike verwonding by ongehoorsaamheid in volharding.

Die twee stemme – menslik aangrypend en 'n hartlike, eerlike versugting van die siel – is verkeerd oor wat opoffering is:

- 'n Sagte nasionalistiese stem van een wat ritmies roep: Offer op – ons vir jou. Ons wag vir die generaal 'om soos een man om jou te val'; die hoogste offer van bloed.
- 'n Sagte, heesgehuilde enkel stem van twee wat mekaar oor die water toeroep: Ons offer op – huis en haard. Moet my nie skuldig laat voel oor my eenrigting-vliegtuigkaartjie nie. Jy weet nie wat ek alles moes opoffer nie.

Dit is liefde om die waarheid te praat. Dit is liefde om die Waarheid te stem, te verklank – ook in Afrikaans. Dit is liefde om met die Waarheid⁵ in te stem.

Bemiddel of Middelaar?

Wanneer het ons as kerk so aanmatigend geword dat ons vir die Here dinge begin doen? Wanneer het ons geleer om die arrogansie in offertaal om te tower dat dit godsalig klink, maar in wese afgodies is? Hoor maar op kerklike vergaderings die taal van die nuwe offers: ons wil bemiddel as die kerk aan die stry raak, ons wil fasiliteer, ons wil versoen.

Wanneer het Christus ons ooit gevra om namens Hom – in sy plek – te bemiddel: in sy eie kerk nogal? Waar het Christus ooit sy amp⁶ aan enige ander mens

1 Vergelyk Levitikus 17:11.

2 Hier word nie daarop ingegaan dat bloedstorting wel mag plaasvind as bewaking teen die kwaad nie.

3 Verwysings na die musiekblyspel 'Ons vir jou' is regdeur kursief gedruk.

4 'Want dit het Hy net een maal gedoen toe Hy Homself geoffer het' (Hebreërs 7:27); 'maar met sy eie bloed, een maal ingegaan in die heiligdom en 'n ewige verlossing teweeggebring' (Hebreërs 9:12).

5 'Hiervoor is Ek gebore en hiervoor het Ek in die wêreld gekom, om vir die waarheid te getuig. Elkeen wat uit die waarheid is, luister na my stem' (Johannes 18:37).

6 HK Sondag 12: 'ons deel in sy salwing...'. Sien ook Hebreërs 7:24: 'maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.'

oorgedra of opgedra? Waarom vertaal ons 'beeld' en gelykenis' met 'verteenwoordiger'? Verlei dit ons nie om in Christus se amp in te dring nie? Die bediening⁸ van die versoening is nie die bewerking van die versoening nie. Verstaan ons regtig dat ons in Christus gered word en dat ons dankbaarheid ook in en deur Hom plaasvind? Sal die kerk tog ophou om alewig iets vir God te probeer doen? Om op te offer kan ook die grootste Kains-sonde wees. Dit kan Christus omseil, dit kan juis bloedskuld in die kerk bring. Die vraag is nie wat jy vir God doen nie, maar wat Christus in en deur jou doen; hoe Hy sy en jou Vader eer deur dit wat Hy deur die Heilige Gees in en deur jou doen – met jou taal en jou volk en jou grond, in sy openbaringstaal met sy volk op sy grond.

Enmalige offer

Opoffering sonder Christus is af-offering. God het die mens geseën en gesê: 'wees vrugbaar, vermeerder en vul die aarde' en 'bewerk en bewaak'. Die hele skepping moes deur die eerste Adam aan God op(waarts)geoffer word. Adam, as beeld en gelykenis van God, se bloed is vir God bestem – nie vir die grond nie. Die asem van die lewe is ampsmatig in sy neusgate geblaas. Roep die stem van die bloed van sy seun, Abel, dan nie van die aarde af na God nie? Grond mag bloed, mensbloed, nie ontvang nie. Dit is af-, nie opwaarts nie. Die liggaam is vir die Here en die Here vir die liggaam; letterlik, want sy Heilige Gees maak van ons liggaam, siel en gees sy tempel. God wil sy hele skepping saam met sy kind, Adam, en sy nageslag, vir ewig bewoon. God sal nie rus voordat die kosmos Bet-el is nie.

Maar Adam het nie goed bewaak nie. Daarom moes die offers begin, om die aandag gelowig te vestig op die Vader se groot op-offering van sy Seun. Net Christus is in die ware sin van die Woord: Slagoffer. Die af-slagoffer. Die offers verkondig die

persoon en werk van Jesus Christus. Ons is teen die Rooms-Katolieke siening dat die offer van Christus by die Roomse mis herhaal word. Ons waag dit om dit nog steeds 'n vervloekte afgodery te noem, maar ons is kritiekloos teen onself as ons dink dat ons dankbaarheid in voorspoed, of ons geduld in rampspoed, opoffering aan God is.

God het klaar sy Seun opgeoffer. Christus het Homself klaar eenmalig as offer gegee. Dit is deur die Vader aanvaar. Die voorhangsel skeur, die weg is oop. Laat ons nou op dié Weg gaan. Hy is ons offer. Hy offer ons. Ons is deel van Hom as die offer. Is dit nie wat die nagmaal sê nie? 'Dit is my liggaam wat vir julle gebreek is, neem eet ...'.

Geen verskil

Kerk van Christus, jy is die liggaam van Christus. Jy het deel aan sy enige offer deur die geloof en die Heilige Gees. Wat wil jy dáarna nog opoffer? Is Christus nie genoeg nie? Is jou afgee van dit wat jy so dierbaar ag, jou familiebande, jou taal, jou volk, jou grond, regtig 'n opoffering? Hoe verskil die wese van so 'n siening van die heiden se siening van opoffering aan sy afgode? Moet hy nie ook eers seer kry voor hy meer kry nie (altans so dink die heiden)? Vra na Molog dat dié jou dit sê.

Dit is geen geringe ding om die kerk van Christus van afgodery te beskuldig nie. Enige iemand wat sy dankbaarheid as 'afgee', as 'opoffering' sien, is juis met afgodiese af-offering besig. Enige iemand wat sy teëspoed as afbetaling van ou skuld of nuwe guns sien, is 'n afgodsdienaar wat afgrondelik af-offer. Luister bruid van Christus, moet nie soos 'n hoer optree nie. Hy het sy lewe vir jou geoffer – op, hemel toe. Waarom trek jy die offer uit sy hande – af, aarde toe?

Stel jou liggaam as 'n offer

Stel jou liggaam⁹ as offer, dit is ons dankbaarheid vanweë die groot ontferminge van God. Vir elf hoofstukke verkondig hy die enigste opoffering van Christus wat nie

nagemaak, vervang of aangevul kan word nie. Om jou liggaam as offer te stel beteken om deel te hê, deel te neem aan Christus, dié offer – beide die regverdigmaking en die heiligmaking.

Dit is julle redelike godsdiens: julle verantwoordelike Gods-diens. Ver-ant-Woord-elik. God gee. God neem. Hy offer sy Seun. Dit is die enigste offer wat vir Hom aanneemlik is. Die Heilige Gees bewoon die Seun se liggaam. Hy leef en regeer binne in die kerk. Die ark van God is die hart van die kerk. Nou bring Christus sy Vader se kinders na Hom. Hier is ek en die kinders¹⁰ wat U my gegee het. Hy is besig met die heilige voorstelling¹¹ van die uitverkorenes. Hy is besig om sy Vader te eer met die gawes wat die kerk, sy liggaam, ontvang het. Christus gee¹² sy lewe vir sy vriende en beveel die kerk om met daardie liefde op te tree.

Is dit om dowe neutte dat die Heilige Gees 'n taalwonder in Handeling 2 laat plaasvind? Is dit nie belangrik om te weet dat daar volke, tale en nasies voor die troon¹³ in die hemel – wat met die bloedoffer vir God se volk oopgegaan het – sal wees nie? Christus se opoffering wil juis jou taal as geskenk vir sy Vader se eer behou. Jou taal moet geheilig word. Nooit mag die Christus in Afrikaans – of in enige ander taal – geskel word nie.

Kerkgrond

Christus, as die tweede Adam, het juis gekom dat sy Vader 'n aardbol vol gelowige Adamiete kan hê. Sal Hy dan nie omgee waar jy bly nie? Hy het dan vir Adam in die tuin plek¹⁴ gemaak. Hy het ruimte gemaak by die strydu(n)tte, Rehobot. Hy gee die heidene se lande aan sy volk. God maak ruimte vir sy kerk. Aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op die aarde.

¹⁰ Hebreërs 2:13

¹¹ Lukas 2:22

¹² 'Dit is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het. Groter liefde het niemand as dit nie, dat iemand sy lewe vir sy vriende gee. Julle is my vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel' (Johannes 15:12-14).

¹³ 'En die nasies van die wat gered word, sal in die lig daarvan wandel, en die konings van die aarde bring hulle heerlikheid en eer daarin' (Openbaring 21:24).

¹⁴ 'Ook het die HERE God 'n tuin geplant in Eden, in die Ooste, en daar aan die mens wat Hy geformeer het, 'n plek gegee' (Genesis 2:8).

⁷ Vergelyk Genesis 1:26.

⁸ Duideliker kan dit tog seker nie: 'En dit alles is uit God wat ons met Homself versoen het deur Jesus Christus en ons die bediening van die versoening gegee het' (2 Korintiërs 5:18).

⁹ Romeine 12:1-2

Nie die engele moet sending doen nie, die kerkmense moet. Waar voer Hy sy gesag uit? Is dit nie ook op grond nie? Is kerkgrond regtig slegs waar die gebou en die kerksaal staan?

Sluit kerkgrond nie al die grondbesit van die bruid van Christus in nie? Is ons nie erfgename van die Abrahamitiese¹⁵ belofte nie? In Abraham sal al die nasies van die aarde geseënd wees. Omsluit verbondseëning nie ook bloed (nageslag) en grond (blyplek) nie? Toe, jy met jou klein erf se kaart en transport, jy wat so maklik jou grond opoffer asof dit diens aan God is, het jy al ooit daaraan gedink dat Christus dalk die kerkgrond ook bedoel as sy volk se grond? Moet nie misties met God se beloftes omgaan nie.

Geskiedenis

Sy bloed, opofferend op die grond by Golgota, was nie 'n mite nie. Dit is geskiedenis. Dink jy dan nie dat sy bloed jou geskiedenis, jou huwelik se geskiedenis, jou familie, jou volk, die uitverkore mensdom se geskiedenis wil heilig nie? 'Laat U wil geskied' beteken ook: Laat u wil in my lewe – as deelnemend aan Christus se enigste offer – geskiedenis word.

Ons vir U

Nie 'ons vir jou' nie, nie 'ons vir hulle' nie, maar 'ons vir U'. Christus wil jou tong en jou taal heilig as gawe, omdat Hy jou gered het. Hy het jou vrygemaak van die sonde.

¹⁵ Genesis 18:18.

Sluit die vrymaking nie 'n vryheid onder Christus in, vry van enige menslike onderdrukking nie? Dit het die ware protestantste republikein nog altyd so dierbaar geag, omdat hy Christus se bloed so dierbaar ag. Is sy geregtigheid net vir die hemel of ook vir die aarde? Bloed wat vrykoop. Die Gees wat vrymaak. Ons kla oor ons onderdrukking. Waar is die gereformeerde politiek wat die ware generaal, die Koning van die konings, ken? Jy wat jou grond verkwansel en verkwis vir 'n appèl en 'n ei in die grondwethof? Die grónd-wet. Die wet van hierdie grond erken nie die enigste offer van Christus nie – slegs dat sy bruid nie vervolg sal word solank hulle Hom nie in die publieke sfeer as Koning wil eer nie. Ons kan geen vol-waardige Christus-politiek hê solank as die eerste vereiste nie plaasvind nie: verander die grondwet dat die wet van die grond die wet van God is, beide tafels. Dit is die eis van die Sabbat, die dag van die Here, waar sy bevel vir die aarde van die Here gegee word. Om menseregte as tydelike op-offering te ondersteun, is afgodiese af-offering. Dit besmet die bruidskleed.

Taal is 'n gawe van God. God wil dit voor sy troon hoor. Sy veelvuldige wysheid eis dit. Sal jy in afgodiese afoffering sy erflike besitreg¹⁶ op jou volk en volkstaal ontken?

Grond is 'n gawe van God. Hy wil die hele aarde heilig – wat Hy wel dopend met vuur sal doen. Die aarde behoort aan Hom. Dink jy regtig Hy gee net huishoudelike

¹⁶ Psalm 82:8.

grond, en dat kerkgrond dalk baie meer behels as gemeentegrond? Pasop om roepingloos te bly; dit is nie waar God jou heen lei nie. Dit is afoffering.

Dink jy regtig God het nie ook 'n saak met volke nie? Sou al die profete se profesie oor die volke dan 'n vergissing wees? Waarom word die lied van Moses¹⁷ – ook vers 8 – in die hemel gesing? Hoe gaan jy die Moseslied in die hemele sing as jy dan jou volk aan ontbinding afgeoffer het? Hou op om jou taal, jou volk en jou grond op te offer. Dit is geen diens aan God nie. Dit is af-offer. Stel jou liggaam as 'n lewende offer – dit sluit jou stembande en jou voetsole in. Wat offer Christus aan sy Vader? Jou taal? Mag jy dan koud teenoor 'n taalstryd staan? Offer Hy die aarde deur kerkgrond aan jou Vader? Waarom dink jy Hy werk net met individue? Verstaan jy nie die verbond nie? Daar is iets soos volksgrond en grense. Offer Christus jou volk? Waar is jou sendingywer vir jou eie mense dan?

Opoffering of afoffering. Lewe of dood. Christus het eenmaal geoffer. Moet nie op aarde afgee wat Hy opoffer na die hemel toe nie.

Dr ALA Buys is predikant van die Gereformeerde Kerk Pietersburg-Noord; tans Direkteur Navorsing by AROS, Pretoria.

¹⁷ 'Toe die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het, het Hy die grense van die volke vasgestel volgens die getal van die kinders van Israel. Want die HERE se deel is sy volk, Jakob is sy afgemete erfdeel' (Deuteronomium 32:8,9; vergelyk ook Handeling 17:26 e.v.).

Groen van Prinsterer en sy stryd om kerkreformasie

Agtergrond

Die kerk bly nooit lank op die goeie weg nie. Soos die volk Israel van ouds, is sy wederstrewig en dwaal telkens weer af. Na die groot reiniging van Remonstrantisme in 1618 het die kerk weer verval. As staatskerk het die politieke gebeure daarin 'n groot invloed gehad. So raak die kerk – laat in die 18de eeu, ná die Franse Rewolusie – deur die liberalisme en rasionalisme geaffekteer. Die liberalisme (bevrydingsug) veroorsaak dat die gesag van God se Woord en die Belydenisskrifte in twyfel getrek word en die rasionalisme (die verstand heers) dat die leer droog en koud word. Na Nederland se bevryding van Napoleon, word 'n kerkwet van staatsweë ingestel. Die kerkorde van Dordt word oorboord gegooi. Die sinode – onder toesig van die staat – kry as hoogste vergadering absolute mag oor die kerk. Gedurende daardie tyd is die kerk ook hernoem na die Hervormde Kerk. Met die tipe hiërgargie was verval in die kerk te wagte. Leervryheid het ingesluip; elke predikant kon leer wat hy wil en elke lidmaat glo soos hy wil.

Ds Hendrik de Kok, predikant van die Hervormde Kerk, het tot insig gekom toe hy die Institusie van Calvyn lees. Baie lidmate, oor die hele Nederland verspreid, volg hom na in sy stryd teen die liberalisme in die kerk. Hy word egter vinnig deur die sinode verban en hy en die wat hom gevolg het vorm die Afskeiding. Later tree daar binne die Hervormde Kerk 'n nuwe stryder ter wille van die suiwer leer na vore: Groen van Prinsterer.

Standpunt

Elke organisasie, vereniging, gemeenskap of byeenkoms het 'n sekere grondreël waarop dit gebou is en waarvolgens dit funksioneer.

Die reël vir die kerk is die Woord van God, saamgevat in ons Belydenisskrifte. As die leer weggevat word, bly daar niks oor nie. Die kerk kan dan nie meer bestaan nie. Die groot waarhede van die evangelie en reformasie moet behou word. As geen leer of opinie uitgesluit word nie, word die waarheid en evangelie self uitgesluit, want dié is eksklusief. Dit is hoe Groen van Prinsterer in 1860 sy standpunt ongeveer uiteensit.

Konsekwensies

Hieruit volg praktiese konsekwensies:

- Die mens moet in die kerk bly want dit is die tuiste van die evangelie. Die kerk is op hierdie grondslag gebou. Indien die mense wat aan hierdie waarheid vashou almal uit die kerk sou gaan, is dit dan nog 'die kerk'? Ons moet in die kerk bly om te stry – nie onverstandig en oorhaastig nie, maar onophoudelik, onbuigsam en sonder toegee, ter wille van die waarheid!
- Indien die kerk nie meer aan die belydenis vashou nie, sal een van twee dinge gebeur: óf daar sal stilweg, maar onweerstaanbaar 'n groep binne die kerk vorm wat weerstand bied, óf, as die kwaad ongeneeslik lyk, sal mense hulself in die kerk onuitstaanbaar maak. Daar is dus een van twee opsies: hervorming of skeiding. Onthou een ding: as afskeiding nie 'n plig is nie, is dit sonde. Die kerk is die bruid van Christus en word deur God self versamel. Daarom mag sake soos skeiding nie ligtelik opgeneem word nie! Om hierdie rede streef Van Prinsterer na kerkherstel.

Eers stry om genesing!

Dikwels vergelyk hy die kerkstryd met die stryd wat in Skotland, onder leiding van Thomas Chalmers,

plaasgevind het. Eers toe kerkherstel onmoontlik was, is almal tot eendragtige verset opgeroep – soos 'n leërmag wat op die regte oomblik as een man opstaan.

Van Prinsterer wil eers die leërs versamel, hulle sorgvuldig toerus en dan op grond van die regte dinge die stryd aanpak. Die stryd wat hy in gedagte gehad het moes eerstens lei tot die uitdryf van die kwaad uit die kerk en verder om dié wat in leer en lewe verswak het, op te skerp en terug te bring. Hy sê met hartseer dat die Afskeiding van 1834 soos 'n regiment is wat die stryd op die verkeerde front en heeltemal te vroeg aangeknop het. Die groot hartseer is dat die afgeskeidenes nog wel die gereformeerde gesindheid het, maar nou nie meer saam binne die Hervormde Kerk kan stry nie. Daar was nie 'n verskil in geloof of gesindheid by die afgeskeidenes nie, maar 'n tekort aan insig. Dit is die enigste rede waarom Groen hom nie by hulle gevoeg het nie.

Die Hervormde Kerk was diep verdorwe en kon byna nie meer 'kerk' genoem word nie, maar volgens Groen was genesing wel moontlik. Om 'n nuwe kerk te stig is 'n groot saak. As God nie eers sy roepstem deur die omstandighede laat hoor nie, moet die volk eers in Babel bly.

Van Prinsterer het die stryd vir kerkherstel op verskillende fronte aangevat – dikwels deur gebruik van middele van die staat, wat die Hervormde Kerk toe goedgesind was. Alhoewel hulle twee keer die sinode 'vrygemaak' het, het dit nooit tot algehele reformasie gelei nie. Meer as een maal het hy die sinode toegesprek, maar kon niks teen die meerderheid uitrig nie. Hy wou ook nie die sinode omverwerp nie want, het hy gesê, 'n mens werp nie 'n

bewoonbare gebou, in watter slegte toestand dit ook al is, omver nie.

Groen se kernbeswaar teen die sinode was dat hulle aristokraties optree – op en onder ‘n skyn van verteenwoordiging van die kerk kry hulle ‘n revolusionêre alvermoë. Hul regering lei tot ‘n verdoving van lewenskrag en begunstiging van dwaalbegrippe. Dit lei tot ‘n verdrukking van die kern van die gemeente, wat hy beskryf as die wat steeds met ‘n gereformeerde gesindheid leef. Hierdie (revolusionêre) mag word in die hande van ‘n paar mense geplaas.

Die sinode se gesindheid het in ‘n paar sake tot uiting gekom:

- Gemeentelede word nie by die verkiesing van opsieners betrek nie. Hierteen lê hy in 1852 ‘n klagskrif op die sinode se tafel. Alhoewel daar gehoor gegee word en re-organisasie plaasvind, bring dit nie vreugde vir Van Prinsterer nie. Hy erken steeds nie die sinode as waar nie. Sy diepste wens is dat hulle hulself aan Christus as Hoof onderwerp.
- Artikel 9 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis word nie deur die sinode aanvaar nie. Na nog ‘n byeenkoms en klagskrif van Van Prinsterer erken hulle dié ook, maar weereens is hy nie tevrede nie. Die erkenning van die Belydenisskrifte was nie die spilpunt van die stryd nie. Die dwaling in die kerk was

veel erger. Die Goddelike gesag van die Heilige Skrif, die Godheid van Christus en die persoonlikheid van die Heilige Gees, ons verdorwe natuur, die noodsaak van Christus se soenverdienste, die noodsaak van wedergeboorte en die heiligmaking, word in twyfel getrek. Vanaf die binnekant was daar ‘n vrot deel wat uitgesny moes word. Dit kan vergelyk word met ‘n arm of ‘n been wat infeksie kry, amper dood is en geamputeer moet word om te voorkom dat die infeksie versprei.

Groen wil die hele kerk tot stryd oproep. Elke kind van God moet vir die waarheid opstaan. Elke keer is daar ‘n paar wat hom navolg, maar met verloop van tyd weer leef soos tevore. Watter tipe stryd is dit as ‘n mens retireer en telkens onvoorwaardelik oorgee? Hy vind ‘n geloofsgenoot in dr A Kuyper wat dieselfde beginsels uitleef en die stryd namens die waarheid voortsit.

In 1873, op die ouderdom van 72 jaar, kan Groen van Prinsterer met ‘n geruste hart die stryd neerlê, in die wete dat dr Kuyper dit verder sal voer. Hy skryf nog enkele geskrifte en hou hom, tot sy afsterwe in 1876, steeds met kerksake besig.

Wat beteken sy stryd vandag?

Vir ons, in 2009, is die stryd van Groen van Prinsterer insiggewend. Alhoewel hy baie simpatie met

die afskeidingsbeweging van 1834 gehad het, het hy nie daarmee saamgegaan nie. Kuyper se voortgesette strewe na reformatie binne die gedeformeerde Hervormde Kerk kon nie verhelp dat hy, saam met ‘n hele afgesette kerkraad van Amsterdam in 1868, vir die tweede keer onder die magsoorskryding van die kerkstrukture gedwing was om opnuut weer die kerk te vergader nie – die hele stryd van die doleansie. Daarin sien ons die kerkvergaderende werk van Christus deur die diens van mense wat aan sy Woord vashou. Dit is Kuyper wat ook die uitspraak gemaak het dat die geskiedenis nie ons norm is nie, maar dat ons tog uit die les van die geskiedenis moet leer.

Die manier waarop om die reformatie van die kerk gestry moet word, is die vraagstuk wat altyd weer opnuut in die kerkgeskiedenis aktueel bly; ook tans in die 150 jaar geskiedenis van die Gereformeerde Kerke.

Neem ons ernstig genoeg kennis van die les van die geskiedenis?

*Anton Das – Student: 1ste jaar BTh
Tale te UNISA.*

Calvynfeesvieringe begin in Europa

Gebaseer op ‘n berig in Nederlands Dagblad, 1 April 2009

Die Nederlandse Minister-President, Balkenende, ag die nalatenskap van Calvyn hoog. Tussen drukke werksaamhede deur het hy ‘n blitsbesoek aan Berlyn gebring om die openingstoespraak te lewer en die uitstalling te besigtig. Die rede vir sy aandag is die belangrikheid van

die Calvinistiese stroming in Europa as inspirasiebron vir die samelewing, met spesifieke verwysing na die invloed op denke oor die staat, politiek en kultuur. Die uitstalling is ‘een signaal van belang’. Die uitstalling bied inligting oor verskeie reformatore om die

internasionale aard van Calvinisme aan te dui. Onder die voorwerpe is ‘n kansel van 1644, afkomstig van die Hongaarse gemeente in Utrecht. Verder is daar brokstukke van beelde; oorblyfsels van beelde wat in die begin van die reformatie vernietig is.

In sy toespraak het Balkenende melding gemaak van die morele krag wat in Calvinisme lê en hedendaags van besondere belang is. Verwysende na die reformatore se verzet en optrede

teenoor misstande, dui hy op die 'doorgeschoten bonuscultuur' in die finansiële wêreld. Hy vra dat Calvyn se uitgangspunt, dat 'n samelewing morele ankerpunte moet hê, ter harte geneem word. Vervolgens pleit hy opnuut dat 'n morele dimensie

van toesig oor finansiële instellings vasgestel moet word: 'Noem het maar een wereldwijde gedragscode op sociaal en etiesch terrein, gericht op rentmeesterschap en verantwoordelijk economisch gedrag.'

ONDERWYS

P le Roux Bisschoff

Christelik normatiewe onderwyskursus

Die Akademie Reformatoriese Onderwys en Studies (Aros) het 'n kursus, aangaande die realisering van christelike onderwys in die praktyk, vir alle onderwysers sowel as onderwysstudente ontwikkel. Hierdie kursus berus daarop dat Jesus Christus die groot Leermeester is. Christus maak van gewone, sondige mense gebruik om dit wat Hy wil, te onderrig. Die belangrike rol wat die christen-onderwyser in die samelewing inneem, word hierin duidelik en prakties uiteengesit.

Die kursus wil aktuele onderwerpe, soos dit in die huidige onderwys-situasie voorkom, aanspreek. Soos alles in die koninkryk van God, is daar ou en nuwe dinge. Die 'ou goud' sal 'n bekende klank wees: God roep en ons luister. God se Woord is die basis van alle onderrig. Daar is egter ook die nuwe. Deur stimulerende bespreking en vrae word die ontwikkeling en groei van die christen-onderwyser moontlik. Slegs so kan 'n christelike onderwysbeweging dinamies en aktueel bly.

Dit is bekend dat nie alle onderwysers met toetreding tot die beroep gedurende hulle opleiding blootstelling gehad het aan die christelike beginsels van opvoeding nie. Die kursus wil daardie leemte aanspreek deur aan te toon dat die christendom homself op opvoedkundige terrein kan handhaaf, teenoor populêre denkrigtings wat suiwer op 'n humanistiese en sosialistiese vertrekpunt gegrond is.

Die volgende onderwerpe geniet aandag:

- Die doel van christelike onderwys en opvoeding
- 'n Christelike skool
- Die christen-onderwyser
- 'n Bybel-gefundeerde kurrikulum
- Bybel-gefundeerde metodiek
- Orde en dissipline
- Evaluering uit Bybelse perspektief
- Die plek van 'n christelike skool in die gemeenskap
- Die bestuur van 'n christelike skool
- Die christen-onderwyser as ligdraer
- Christelike vakbenaderings

Hierdie kursus is gegrond op waardes. Dit wil die ewige waarheid en toepaslikheid van God se Woord op die onderwysterrein duidelik maak. Dit wil waarde toevoeg tot die lewe van christen-onderwysers wat, in die meeste gevalle, in uiters moeilike omstandighede, hulle roeping probeer vervul.

Die kursus hoop om op drie vlakke waardevol te wees:

- Eerstens om te voldoen aan 'n dringende behoefte. Die dringende noodsaak wat die afgelope tyd toenemend na vore getree het om christen-onderwysers op geloofsvlak by te staan, word aangespreek. Geloof bestaan uit vertrouwe én kennis. Daarom is dit nodig om kennis rondom die onderwys, as roeping voor die Here, weer uit te lig. As hierdie kursus daartoe bydra om slegs één christen-onderwyser op sy pos te hou, te versterk en te bemoedig, was dit waardevol.
- Tweedens om moeë arms en bene weer sterk te maak.

Daar word gepoog om christen-onderwysers in hul persoonlike geloofslewe te versterk, asook in die uitvoering van hulle beroep. Daarvoor is dit nodig dat die kursus aan twee vereistes moet voldoen, naamlik: dat dit Bybel-gefundeerd sal wees én die alledaagse lewenspraktyk van die onderwyser aanspreek. Die kursus slaag goed in hierdie opsig.

- Dertens om samewerking te bevorder. So dikwels bestaan daar 'n gevoel van alleenheid by christen-onderwysers. As die onderwysers besef dat daar baie ander christene in die onderwysberoep is met dieselfde behoeftes, probleme en vreugdes, is die waarde vanselfsprekend. Die christen-onderwyser word aangemoedig om deel van 'n onderwysbeweging te wees wat sy krag in dienswerk aan Jesus Christus vind en sy vermoë om uitdagings te hanteer vanuit dié goddelike opdragte van die Here.

Persone wat graag meer van die kursus te wete wil kom, kan met mev A Pouwels (telefoonnommer 012 332 3227/8) skakel. Brosjures in verband met die kursus is ook op aanvraag by Aros beskikbaar.

Mag die kursus daartoe bydra om onderwysers in hulle roeping te versterk en God verheerlik word deur aan die volgende geslag sy groot daade bekend te maak.

P le Roux-Bisschoff – AROS, hoof en direkteur akademie, personeel en studente

Calvyn se kommentaar op die Romeine brief

In Afrikaans vertaal deur prof dr Stefanus Postma

Professor Fanus Postma het weens 'n swak gesondheid vroeg afgetree. Sy siekte het sy mobiliteit aangetas. In sy klein vertrek in die toringblok van Huis Eikelaan, Potchefstroom het hy soos 'n kluisenaar geleef. Hy het egter nie gaan sit en treur nie, maar gebruik gaan maak van 'n besondere gawe wat hy ontvang het: sy kennis van Latyn. Behalwe Calvyn se tweede brief aan die Korintiërs het hy alle briewe uit Latyn in Afrikaans vertaal. Die Instituut vir Klassieke en Reformatoriese Studies in Bloemfontein het, saam met die Calvyn Jubileum Boekefonds in Potchefstroom, die publikasie van Postma se vertaling van Calvyn se kommentaar op Romeine moontlik gemaak. Die amptelike bekendstelling van hierdie boek het in Potchefstroom plaasgevind. Die boek is besonder fraai gedruk. Saam met die Afrikaanse vertaling is die Latynse teks bo elke perikoop opgeneem.

'n Uitvoerige inleiding op die vertaling waarin Calvyn se metode van Skrifuitleg breedvoerig bespreek word, saam met 'n beredenering van Paulus in die brief aan die Romeine, maak hierdie uitgawe besonder interessant.

Dit was 'n wyse besluit van prof

Postma om met die vertaling van Calvyn se brief aan die Romeine te begin. Hierdie kommentaar was nie die eerste van Calvyn se kommentare nie; Calvyn se verklaring van hierdie brief was ook rigtinggewend ten opsigte van die metode van Skrifverklaring. Calvyn se hermeneutiek is onmiskenbaar in hierdie kommentaar te vinde. Die reëls vir die verklaring van die Bybel moet primêr uit die Bybel opgespoor word. Professor S Greijdanus het in navolging van Calvyn gespreek van 'Schriftbeginselen ter Schriftverklaring'. Postma laat in sy vertaling duidelik sien hoe Calvyn in sy verklaring telkens terugryp na tekste uit die Ou en die Nuwe Testament. Daarom is hierdie vertaling ook besonder geskik vir Bybelstudie. Wie byvoorbeeld probleme het met die kinderdoop kan met groot vrug kennis neem van Calvyn se verklaring van die vierde hoofstuk van sy brief aan die Romeine. Die eenheid van Ou en Nuwe Testament en die deurlopende lyn van kinderbesnydenis na kinderdoop, kom besonder helder aan die lig (Postma, p 114-117). In ons kontroerse met die charismatiese beweging is Calvyn se kommentaar op Romeine 12 van groot belang. Dit is die moeite werd

om te lees hoe Calvyn die vraagstuk van 'ontdek jou gawes' in hoofstuk 12:6 hanteer.

Dit is selfs die moeite werd om kennis te neem van die oorspronklike Latynse teks van daardie vers. Calvyn skryf in sy komentaar: '*Considerare quid suae naturae, quid capi, quis vocationi conveniat.*' Postma vertaal dit baie mooi met 'dat elkeen moet oorweeg wat by sy aard, sy bevattingsvermoë en sy roeping pas' (Postma, 303). Hierdie twee voorbeelde kan met baie ander aangevul word, maar dit is genoeg om te bewys dat prof Postma se vertaling van Calvyn se brief aan die Romeine 'n standaardwerk is wat met groot vrug gebruik kan word. Die boek word van harte aanbeveel. Ons wil die wens uitspreek dat die ander vertalings van Calvyn se Pauliniese briewe ook een of ander tyd die lig sal sien. Ons kan ten slotte van hierdie pragtige uitgawe alleen maar sê: *Tolle lege* (neem en lees).

Bloemfontein, Handisa Media. 368p. Prys R150. ISBN 97808687748.

Prof L Floor is 'n emeritus professor: Departement Ou en Nuwe Testament, Potchefstroomkampus, Noordwes-universiteit.

PERSSKOU

Dr GJ Meijer

Christelike werklikheid

In die boekie *Samen in de wereld – Wat biedt de kerk?* wy ds P Niemeijer 'n hoofstuk aan die vraag: Is dit realisties om na 'n christelike samelewing te streef en na 'n owerheid wat hom aan God die Vader en sy Seun Jesus Christus

onderwerp? Hy stel ook die vraag: Is dit die doel van christene en van christelike politiek om die staat en die samelewing te kersten? Sal die oorwinning van die christelike geloof 'n beoogde heilstaat tot gevolg hê? Moet ons, as ons nie daarin

slaag om die algemene publieke mening positief te beïnvloed nie, teleurgesteld wees en uit die bouse wêreld terugtrek? Alles relevante vrae. Belangrike vrae. In antwoord hierop wys ds Niemeijer op die openbaringshistoriese lyn wat

dwarsdeur die Skrifte loop. Die hoofmomente op daardie lyn is die volgende (vry vertaal en verkort):

- *Christus is Kurios.* Na sy opstanding het die Vader sy Seun verhoog en verheerlik. Jesus Christus is deur God met majesteit beklee. Alle mag is aan Hom gegee in die hemel en op die aarde (Matteus 28:18). Hoog bo alle hemelse vorste en heersers, bo alle aardse kragte en magte, is Hy die Hoof oor alle dinge (Efesiërs 1:20-22). Aan Hom, die Kurios moet elke mens homself onderwerp.
- *Werklikheid van Psalm 2.* Christus se heerskappy oor alle dinge beteken nie dat die mag van Satan totaal gebreek is nie. Deur middel van opstandige konings en vorste is daar tot op die dag van die wederkoms permanent opstand teen God en sy gesalfde Seun. Oor en oor word daar pogings aangewend om die bande af te ruk en die Seun te bespot.
- *Uitstel.* Die feit dat daar soveel opstand in die wêreld is, is geen teken van Christus se onmag asof Hy nie alles aan Hom onderwerp het nie. Daar is wel uitstel van eksekusie/oordeel (Psalm 110). Die Here bepaal in sy wyse raad

dat die wêreldgeskiedenis sodanig ontwikkel dat koring en onkruid saam op die land groei en dat beide tot volle wasdom kom voordat die oordeel voltrek word.

- *Oorgangsregering.* Op hierdie oomblik is daar dus baie vyande van Jesus Christus wat hulleself hoegenaamd nie aan Hom onderwerp nie. Alhoewel die regering van Christus 'n feit is, is dit 'n feit in 'n 'interim-fase'. Sy regering dra die karakter van 'n oorgangsregering. Die oorlog is gewen, maar die stryd is nog nie verby nie.
- *Vyandskap.* In die tyd net voor die wederkoms (die eindtyd) sal die opstand teen die heerskappy van Christus in felheid en krag toeneem. Die duiwel gaan tekere soos 'n brullende leeu om die navolgers van Christus te verslind (Openbaring 12).
- *Geduld.* Die feit dat God die finale eindoordeel uitstel en nog tyd vir bekering gee – al gaan dit dikwels gepaard met ernstige geloofsvervolging en bloedvergieting – moet die gelowige geduldig maak. Lyding in die teenswoordige tyd moet bydra tot geloofsgroei (1 Petrus 1).

- *Uitsig.* Die gelowige wat in die wêreld leef word getroos met die werklikheid dat God alle vyande aan Christus se voete sal onderwerp. Met die oog daarop moet die gelowige vandag sy roeping vervul. God belowe aan die gelowige in die eindtyd dus geen tyd van rus en vrede nie, maar wel 'n tyd van stryd vanuit oorwinning en met die oog op finale oorwinning.

Vir die strydende christen en die strydende kerk is ds Niemeijer se opmerkings rigtinggewend. Soms wil dit voorkom asof daar aan al die moeite en moeilikhede geen einde kom nie. Die een probleem is skaars opgelos, dan klop 'n ander saak al weer aan die deur. Dit geld nie net in die persoonlike lewe van elke christen nie, maar ook vir die kerk van die Here Jesus Christus in geheel. Te midde van die gebroke werklikheid moet die doel suiwer voor oë gehou word: *Ecclesia Christi fluctuat, non mergitur* – die kerk van Christus dobber, maar sink nie. Ons is meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het (Romeine 8:37). Met dié Skrifwoord moet ons as gelowiges mekaar voortdurend bemoedig. Die hef aan lê voor.

Saam sing

Die debat oor die kerklied is nie beperk tot die GKSA nie. In gereformeerde kerke wêreldwyd word daar oor die saak gedink en geworstel. Ds C van Dijk maak enkele opmerkings daaroor in *Nader Bekeken* van Oktober 2008 (vrye vertaling):

In ons kerke word uit verskillende bronne geput om die liturgie in te kleur. Ons kies vir Geneefse Psalms, Liedboek-liedere, ouer en meer moderne liedere wat in die Gereformeerde Kerkboek opgeneem is. Daarby word voortdurend gesoek na sogenaamde opwekkingsliedere. Dit is duidelik dat laasgenoemde al in heelwat kerke gesing word.

Die Deputate Kerkmuziek van die Gereformeerde Kerken Vrijgemaakt

Nederland het in die veelheid van liedere groot probleme geïdentifiseer. Met die oog op die afgelope Generale Sinode in Zwolle 2008 het die deputate gepleit dat opwekkingsliedere wat nie gesamentlik getoets is nie, nie sonder meer in die kerke gesing kan word nie. Die sinode het diepgaande oor die saak besin en grondliggende probleme aangetoon. Enkele uittreksels uit die gesprekke wat by die sinode gevoer is, toon hoe die gedagtes geloop het:

- *Daar is kommer oor die ek-gerigtheid wat in die ongetoetste sing van liedere na vore kom. Kerke kan nie net doen wat goed is in hulle eie oë nie. In die kerkverband word ons voor die Here geroep om*

ons onderlinge afspraak na te kom.

- *Die ek-gerigtheid kom verder sterk na vore in emosionele liedjies, met geweldig baie vreemde herhalings, wat die gemeente met 'n oorwinningsteologie vergiftig. Die sinode oordeel dat dit nie mag gebeur nie.*

Die uiteinde is dat die sinode die kerke oproep om eenheid in leer, diens en tug te handhaaf. Die sing van liedere het alles te doen met liturgiese eenheid. Wanneer opwekkingsliedere 'n houvas in die eredienste kry, kry so 'n erediens baie vinnig 'n vreemde karakter wat nie eie aan die ooreengekome orde is nie. Opwekkingsliedere word dikwels begelei deur orkeste wat 'n popkultuur in die kerke Indra.

Die reël van 1 Korintiërs 14:40 – ‘laat alles welvoeglik en ordelik toegaan’ – is van wesenlike belang vir die gereformeerde erediens. Deel van ordelik en welvoeglik is om, ongeag in watter gereformeerde kerk ‘n mens is, saam te kan sing tot eer van God.

In die lig van besprekings oor die kerklied tydens Sinode 2009,

veral die versoek van sommige afgevaardigdes dat ons meer van Christus wil sing (asof die Psalms nie van Christus sing nie), sal daar in die komende maande nog heelwat aandag aan dié saak gewy moet word. Intussen is dit van belang om te let op die manier hoe kerke met wie ons in korrespondensie is, met dieselfde vraagstuk worstel. Eenheid

in diens, onder andere eenheid in die kerklied, hoort by die wese van die kerk. Kerke mag mekaar op hierdie punt nie verloor nie; ook nie op so ‘n manier dat elke plaaslike kerk onder die vaandel van vryheid maar doen wat in sy eie oë goed is nie. In die lig van God se Woord moet daar eenstemmigheid oor die kerklied wees.

Eenderse vraagstukke

In ‘n brosjure getiteld ‘Ander werk in die kerk’ wat op die webtuiste synodezwollezuid.nl verskyn, word enkele punte van kommer oor besluite wat die Generale Sinode van die Gereformeerde Kerke Vrijgemaakt in Nederland geneem het, uitgespreek. Die bedoeling met die brosjure is om tot gesprek oor die punte van kommer aan te spoor. Op die basis van die Woord roep ons die Gereformeerde Kerke om op haar spore terug te gaan. Tegelyk bid ons voortdurend dat die Heilige Gees kragtig in die kerke wil werk, bekering wil skenk, herstel wil gee en ons in die ruimte van sy Woord wil plaas.

Twaalf besluite word uitgesonder (vry vertaal):

- *Homoseksualiteit word in ons kerke afgewys. Of die tug bedien moet word as broeders/susters in homoseksuele verhoudings saamleef (ook al word daar belowe dat daar in kuisheid saamgeleef word), daaroor het die sinode geen uitspraak gelewer nie. Dit word aan die plaaslike kerkraad oorgelaat waar die tug in hierdie soort omstandighede ‘n opsie is wat oorweeg kan word.*
- *Egskeiding om ander redes as die wat in die Bybel genoem word, is aanvaar. Selfs ‘n nuwe huwelik na egskedding (buite-Bybelse gronde) moet nou kerklik bevestig word as die kerkraad met die nuwe verbintenisse ingestem het. Die bediening van die tug oor egskedding en/of hertrou as sonde teen die sewende gebod het opsioneel geword. Aan hierdie nuwe egskeddingsleer word die*

kerke gebind.

- *‘n Gereformeerde predikant (in Kampen-Noord) is geskors en afgesit, terwyl daar geen beswaar teen sy leer en lewe ingebring is nie. Die betrokke predikant en sy kerkraad het in die hantering van die geskil niks anders gedoen as om getrou te bly aan hulle ampsdiens nie en in alles ooreenkomstig die Kerkorde gehandel. Hulle beroep op die Kerkorde word afgewys.*
- *In ‘ons’ kerke het die diskussie oor die vrou in die amp ‘n oop gesprek geword. Anders as in die verlede is die vraag of die vrou in die amp van bedienaar van die Woord, ouderling en/of diaken mag dien, nie meer meetbaar aan helder Skrifuitsprake nie. ‘n Mens kan openlik daarvoor uitkom dat jy geen saak het met Bybeltekste oor die plek van die vrou in die kerk nie. Verder word daar kerklike eenheid gesoek met kerke wat vroue in alle ampte toelaat, op voorwaarde dat dit op ‘Skriptuurlike’ gronde sou gebeur. In 1993 het die Sinode van Ommen egter nadruklik gestel dat die aktiewe stemreg van susters geen deure oopmaak vir die vrou in die amp nie.*
- *Daar mag geleer word dat die Sondag as rusdag ‘n menslike instelling is wat nie op die vierde gebod gebaseer is nie. Die sogenaamde ‘ses reëls van Dordt’ wat in die Gereformeerde Kerke altyd as geldig gehou is, en die vrede in die kerke gedien het, is nie tersyde gestel nie, maar tog sterk relatiewer.*
- *Die sinode het – in die lig van*

Genesis 1 – teorieë oor ‘n oerknal en ‘n proses van ewolusie, soos wat ‘n professor dit aanvaarbaar noem, nie afgewys nie. Daar bly selfs ruimte oor vir die bewering dat ook die mens deur middel van ewolusie uit ‘pre-formasies’ sou kon ontstaan het, oftewel dat die mens voortgekom het uit ‘n stamvader wat mense en ape gesamentlik sou gehad het.

- *Daar mag geleer word dat God die hemel en die aarde nie in ses dae geskep het soos dit duidelik in die Bybel staan nie, maar dat Moses hierdie verhaal op die basis van sy week-indeling gebruik het om die ontstaan van die wêreld meer verstaanbaar te maak (die sogenaamde kader-hipotese).*
- *In die kerke gaan vooraanstaande teoloë op ‘n ander wyse met die Skrif om. Op die oog af letterlike bedoelde Skrifdele mag volgens hulle metafories uitgelê word. Die reël dat die Skrif homself uitlê, is prysgegee. Die betroubaarheid van die Skrif word geïnterpreteer. Skrifkritiese teoloë word Bybelgetrou genoem; besware wat teen hierdie teoloë ingebring is word formeel deur die sinode afgewys, sonder om dit inhoudelik te behandel.*
- *In die plek van die vaste Bybelse norme, het gemeente-etiek bepalend geword vir die etiese optrede van gelowiges.*
- *Enigiemand wat slegs die Apostoliese Geloofsbelijdenis onderskryf, kan aan die nagmaalstafel toegelaat word. Dit beteken dat lidmate uit ander kerke*

waarmee daar geen eenheid is nie, saam kan nagmaal vier. Sulke gaste hoef nie (meer) die Drie Formuliere van Eenheid te onderskryf nie. Lidmate van 'n kerkgenootskap waar die tug nie meer Bybels bedien word nie, kan nagmaal vier en so die nagmaal ontheilig.

- Die gebruik van artikel 31 Kerkorde is sodanig ingeperk dat dit vir gemeentede en individuele ampsdraers nie meer moontlik is om by 'n sinode vir hersiening van 'n besluit te vra nie, ook al gaan dit oor besluite en opvattinge wat teen die heilige Skrif, die belydenis of die kerkorde ingaan. Die kerke het nie vir hierdie beperking gevra nie. Die noodsaak van wysiging van die toepassing van hierdie fundamentele kerkreg-artikel is nie aangetoon nie.

- Tydens die behandeling van besware het die sinode procedures en reëls van die kerkorde sodanig aangepas dat verskeie beswaarskrifte nie inhoudelik behandel is nie.

Of bogenoemde 'n gebalanseerde en suiwer weergawe van die besluitnemingsproses by Sinode Zwolle is (sien 'n ander weergawe hieronder), is onmootlik om vas te stel – veral as 'n mens 'n buitestaander is en nie met jou voete binne die kerklike lewe van Nederland staan nie. Wat egter opmerklik is, is die ooreenkoms tussen vraagstukke in Suid-Afrika en in Nederland. Besonderhede mag dalk hier en daar verskil, maar hierdie kon net so wel 'n verslag van die eerste Algemene Sinode te

Potchefstroom, 2009 wees.

Ter wille van hantering van vraagstukke is dit dus nie net profytlik nie, maar ook noodsaaklik om kennis te neem van hoe die gelowiges in die buiteland met die vroeë en bekommernisse worstel wat eweneens ons sinode-agendas vul. Die kerk van Christus is een oor die lengte en breedte van die aarde. Ons durf nie in isolasie van mekaar vanuit die Skrif na die vraagstukke van ons tyd te kyk en daaroor te oordeel nie. Daar moet ook nie net kennis geneem word as buitelandse afgevaardigdes by 'n sinode hulle uitspreek oor sake soos die vrou in die kerk nie. Dit wat daardie broeders sê moet, gedagtig daaraan dat hulle met dieselfde moeites worstel, aan die Skrifte getoets en verder hanteer word.

Uit 'n ander hoek

In *De Reformatie* van 14 Maart 2009 reageer prof At de Bruijne, hoogleraar Etiek en Spiritualiteit aan die Universiteit van Kampen, op die hantering van vraagstukke wat in bogenoemde brosjure uiteengesit is.

Binne die Gereformeerde Kerke Vrijgemaakt is daar verontrusting. Vanuit verskeie oorde word die onrus beskryf en na die oppervlak gebring, onder andere op die webblad eenheidinwaarheid.nl. Op dié blad verskyn 'n artikel van br DJ Bolt wat verklaar dat hy en ander verontrustes na afloop van Sinode Zwolle-Zuid 2008/2009 in gewetensnood leef. Die sinode het volgens hom op verskeie punte 'n ongereformeerde koers ingeslaan:

Br Bolt se uitlatings raak my. Ek proe iets van die werklike nood waarin broeders en susters met wie ek verbind is, leef. Tegelyk dink ek dat baie van die onrus en eensaamheid nie nodig is nie. Die verontrustes bring die onrus gedeeltelik oor hulleself deurdat hulle oorvereenvoudig met die kerklike werklikheid te werk gaan. Hulle sien hulself as 'n groep met 'n totale pakket van kwelpunte wat staan

teenoor almal wat ongereformeerde vernuwing in die kerke wil inbring.

'Vernuwers' word volgens die verontrustes beskryf as mense wat die Skrifgesag verswak en 'n beroep op die Bybel relativer. Hulle verwyt die 'vernuwers' dat daar meer klem op die sosiale wetenskappe as op die openbaring van God geplaas word. Die verontrustes gee te kenne dat daar 'n duidelike en welomskrewe groep binne die kerke bestaan wat 'n volledig uitgewerkte program van vernuwing ontwerp het waarvolgens die kerke moet verander. Daarteenoor staan hulleself op die basis van wat die kerke deur al die eeue gedoen het.

Prof de Bruijne ontken nie dat hy eweneens oor baie tendense in die gereformeerde kerke verontrus is nie. Intendeel, in die post-moderne samelewing is daar baie vraagstukke waarvoor ook diegene wat as vernuwers geëtiketteer word (waarvan hyself een is) net so verontrus is as die verontrustes. Waar loop die lyne dus uitmekaar? Prof de Bruijne wys op vier sake waarvan die 'verontrustes' na sy mening deeglik kennis moet neem,

sodat daar nie al te eenvoudig oor verskille en groeppvorming in die kerke gepraat word nie.

- Ons leef in 'n post-christelike samelewing. Teyore was ons lank daaraan gewoond om deur wetgewing – wat die christelike lewenstyl ondersteun het en christene gehelp het om sorgeloos in hulle eie sosiale verbande te leef – beskerm te word. Dit het gehelp om 'n christelike keuse te maak en daarby te bly. Sedert die sestigerjare van die vorige eeu het die situasie egter indringend verander en openlik post-christelik geword. Dit is nie meer so eenvoudig om klinkklare antwoorde op alle vroeë te gee nie. Om vandag bloot op grond van gebeure in die verlede mekaar aan te spreek, is om te vergeet dat daar 'n verandering in tye en omstandighede gekom het. Daar moet saam na nuwe maniere gesoek word om in 'n post-christelike samelewing christelik te dink en te leef.
- Daar word gereeld gekla oor die verslapping van tug. Tug hoort by die kerk. Dit moet egter in gedagte gehou word dat kerkgemeenskappe

en kerklidmate baie meer individueel ingestel is as ooit tevore. As iemand met tugstappe ontevrede is, soek hy 'n ander kerkgemeenskap (selfs in dieselfde kerkverband). So-iets was in die verlede onmoontlik.

- Die verlede word verromantiseer. Oor die vrymaking word daar alleen maar lofwoorde geuit – asof dit nie met geweldige stryd gepaard gegaan het nie. Om te stel dat ons in die liefde van die Here op die pad van ons voorouers moet loop, is nie so eenvoudig nie. Tydens die vrymaking het daar harde woorde geval en ernstige skeure plaasgevind.
- Daar moet in alle eerlikheid rekening gehou word met ontwikkeling kort na die vrymaking tot en met vandag. Diegene wat altyd net wil terugkyk na die 'mooi tye van die vrymaking', moet ook

in berekening bring dat daar in 1969 'n kerkskeuring was. Daar moet op grond van wat destyds gebeur het, verder gedink word oor hermeneutiek, oor moderne etiese onderwerpe, oor vrae rondom die skepping en ewolusie, oor die amp en oor die staat.

Prof de Bruijne bepleit ten slotte dat daar in die kerke nie eenvoudige etikette om mense se nekke gehang moet word nie. Alles kan nie onder een noemer van 'getrou' teenoor 'afvallig', van 'verontrus' teenoor 'vernuwe' geplaas word nie. Daar is gans te veel onderliggende strominge wat op die kerklike lewe inspeel om op 'n oorvereenvoudigde manier mense in kampe te wil plaas. Buitendien bevorder dit glad nie die kerklike lewe in gehoorsaamheid aan God nie.

Prof de Bruijne slaan heelwat spykers op die kop. Tereg waarsku hy teen omhang van etikette, verromantisering van die verlede, en eenvoudige indeel van denkgroepe (liberales en konserwatiewes) in die kerk. Waar hierdie dinge plaasvind, verloor gelowiges mekaar langs die pad en word daar nie gevorder met die soeke na oplossings vir die probleme wat daar is nie. Die ergste van alles: God word oneer aangedoen.

Uit die kerkgeskiedenis weet ons dat daar altyd sommige mense was en is wat gemakliker, meer soepel en met 'n wyer visie na sake kyk. Daar was en is ook altyd mense wat meer nougeset, presies en met 'n meer geslote visie na dieselfde sake kyk. Dit lei noodwendig tot hewige debatvoering. Solank almal mekaar egter op die basis van die Skrif en belydenis by die wil van die Here kan vashou, hoef dit nie tot rampspoed te lei nie; intendeel. Gelowiges kan baie by mekaar leer. Vinnige doeners en rustige denkers, mense met 'n wyer visie en mense met 'n meer geslote visie – almal is nodig in die liggaam van Christus.

Uiteraard word sake anders as die gesag van die Skrif in gedrang kom. As daar uitsprake oor die skeppingsgeskiedenis, die plek van man en vrou in die samelewing en in

die kerk, homoseksualisme en dies meer gemaak word wat nie die toets van die Skrif kan deurstaan nie, is dit nie meer 'n kwessie van soepel denke teenoor presiese denke nie. Dan gaan dit oor buig voor God, al dan nie.

Die werklikheid waarmee ons vandag in die GKSA te doen het, is dat almal op papier erken en bely dat die Skrif die Woord van God is. Almal is dit eens dat ons aan God gehoorsaam wil en moet wees. Tog is daar wyd uiteenlopende verskille as die Skrif geëksegetiseer en toegepas word oor byvoorbeeld die vrou in die amp. Hoe is dit moontlik? En: kan die verskil opgelos word met 'n relativerende plan soos 'verskillende eksegeses is moontlik en wetenskaplik korrek', maar 'jou eksegese oortuig my nie'. Is dit korrek om te begin onderskei tussen wesenlike en middelmatige sake, met die veronderstelling dat alles wat direk vanuit die Skrif aangetoon kan word, wesenlik is, maar alles wat nie direk met Skrifbewyse aangetoon kan word nie (soos die kinderdoop), as middelmatig beskou moet word? Of: sake wat ook in die belydenis aan die orde kom, is wesenlik, maar die wat nie daar voorkom nie (soos die plek van die vrou in die kerk), is middelmatig. Sodanige onderskeid lei tot 'n warboel van denke, en het niks meer met onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God te doen nie. Wie uiteindelik gaan as regter en deler oordeel wat wesenlik, en wat middelmatig is?

Dit is vir gelowiges lewensnoodsaaklik om mekaar eerlik en onvoorwaardelik aan die Skrifte te bind. In daardie proses sal daar beslis vasgestel moet word hoe ons voorouers oor soortgelyke sake gedink het, sonder om tradisionalisties aan die verlede vas te hou en dit te verromantiseer. Daar sal ook beslis vasgestel moet word hoe medegelowiges in ander wêrelddele oor soortgelyke sake dink en oordeel.

Dr GJ Meijer is predikant van die Gereformeerde Kerk Oos-Moot, Pretoria.

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie: *Waarheid en Dwaling*
Dr ALA Buys
Ds C Jooste
Dr HS van der Walt
Mej MS van Zyl
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
e-pos: mrvanzyl@gmail.com
Webbladsy: <http://www.vglonline.net>

Administrasie-adres:
Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 19:00)
e-pos: jdirkdas@magalies.net

Intekengeld:
R150 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:
Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:
Printburo
Posbus 25316
Gezina
0031